# *Nuwe boeke*

- De Klerk, J.H. 1991. *Sterrekundewoordeboek/ Dictionary of Astronomy.* Potchefstroom, privaat uitgegee, 432 pp.

- C.F. Beyers Hofmeyr. 1991. *Dieredokter — 'n verhaal van mens en dier,* pp. 213. B & B Uitgewers, Posbus 74521, Lynnwoodrif 0040. Prys R21 sonder AVB.

Na die eerste, breëre lewensverhaal van 'n Suid-Afrikaanse veearts (S.W.J. van Rensburg: "From the horse's mouth") wat agt jaar gelede verskyn het, is *Dieredokter — 'n verhaal van mens en dier* eintlik die eerste weergawe van die soort probleme waarvoor 'n veearts tydens sy daaglikse werk te staan kan kom. Nie net die probleme nie, maar ook die genot wat hy uit sy suksesse kan put, word op 'n baie interessante wyse uitgebeeld.

Die skrywer is besonder bevoeg om 'n terugblik te gee oor die doen en late van 'n Suid-Afrikaanse veearts. Nadat hy aan die Universiteit van Pretoria se Fakulteit Veeartsenykunde te Onderstepoort afgestudeer het, het hy 'n aantal jare as Staatsveearts gewerk, eers in Umtata en daarna in Rustenburg. Daarna was hy een van die baanbrekers in die veeartsenykundige privaat praktyk. In dié hoedanigheid en ook later as professor in die chirurgie was hy seker meer as enige ander persoon, vir die daarstelling van 'n hoogstaande professionele standaard in die veeartsenykunde in Suid-Afrika verantwoordelik. Sy hoë etiese en professionele benadering tot sy werk blyk ook duidelik uit hierdie biografie.

Die boek is in 55 kort hoofstukke verdeel wat stukstuk oor 'n tydperk gelees kan word. Die vloeiende styl en die nuuskierigheid wat by die leser gewek word om te wil weet wat die uitslag sal wees, maak die boek egter so boeiend dat dit moeilik weer neergesit word. Die skrywer wat oor baie jare meer aan 'n natuurwetenskaplike skryfstyl gewoond was, kan werklik gelukgewens word met die geslaagde skryfstylaanpassing.

Die lewe van 'n staatsveearts gedurende die Tweede Wêreldoorlog, toe hulle tot 'n groot mate as dipbak-inspekteurs en bloed- en miltsmeerondersoekers moes optree om ooskuskoors te beheer, toe motorvervoer uiters beperk was en toe verplasing na 'n ander distrik dikwels op kort kennisgewing te wagte kon wees, kom duidelik uit die eerste 18 hoofstukke na vore. Daarna word vertel van interessante mense en gevalle waarmee die dierearts in sy praktyk te doen kry. Die boek word afgesluit met die bereiking van die skrywer se lewensideaal om eendag professor in chirurgie te word. Dit is net jammer dat in hierdie laaste hoofstuk (pp. 210-212) 'n paar persoonlike griewe weer oopgekrap word wat liewer kon gebly het.

Die boek vertel van verskeie "eerstes" waarby die skrywer tydens sy loopbaan as staats- en privaat praktiserende veearts betrokke was, onder andere: kunsoog vir 'n kat, olifantvelsiekte in beeste, hartwaterimmunisering van beeste, die insit van 'n pen in gebreekte pypbene van honde en amputasie van die skouer van 'n hond. Wat egter dwarsdeur die boek opval, is die skrywer se ontwyfelbare geloof in sy Skepper, sy agting vir sy ouers en die sterk bande en gemeenskaplike ideale wat daar tussen hom en sy eggenote bestaan.

Die boek word aanbeveel vir enige persoon wat in plaas- of huisdiere belangstel en veral vir jongmense wat dit oorweeg om eendag veearts te word.

**J.F.W. GROSSKOPF**

# *Toekomstige byeenkomste*

- 'n Opknappingskursus in tandheelkundige materiale vir die algemene praktisyn word op 17 en 18 Oktober 1991 by die Burgerspark Hotel in Pretoria gehou. Die kursus word deur die Tandheelkundige Materiale Groep van die SA Afdeling van die Internasionale Vereniging vir Tandheelkundige Navorsing aangebied. Navrae: prof. F.A. de Wet, tel. (012) 319-2231 of prof. Neels du Preez, tel. (012) 529-4869.

- 'n Interdissiplinêre konferensie, *Interscience 92,* vind van 5-7 Februarie 1992 by die Universiteit van die Noorde plaas. Die konferensie word deur die Fakulteite Wiskunde en Natuurwetenskappe, Gesondheidswetenskappe en Landbou van die Universiteit van die Noorde aangebied. Navrae: prof. H.J. Oosthuizen, Dekaan: Fakulteit Wiskunde en Natuurwetenskappe, Universiteit van die Noorde, Privaat sak X1106, Sovenga 0727 of prof. E.O. de Neijs (hooforganiseerder), Dept. Fisika, Universiteit van die Noorde.

- Die Navorsingsgroep vir Polimeerbeton aan die Randse Afrikaanse Universiteit beplan die tweede *Suid-Afrikaanse konferensie oor die gebruik van polimere in beton* op 23 en 24 April 1992.

Die konferensiegangers sal deur verskeie internasionale kenners op dié gebied toegespreek word. Verskeie plaaslike en internasionale firmas sal aan 'n uitstalling deelneem en konferensiegangers sal die geleentheid gebied word om na die jongste ontwikkelings op hierdie gebied te kyk. Navrae: mnr. Ben du Toit, tel. (011) 489-2037 of mnr. Deon Kruger, tel. (011) 489-2589.